CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

Jaargang XXXVI Nommer 6 6 Maart 1981

die WAPAD

IN U LIG SIEN ONS DIE LIG

AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.

Bussie 13 Tel 25481 Inligtingsburo 4267/8 Studentesentrum 22112 x 570/1

PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
Johan Claassen Broers

## Hoogtepunte

**Maandag 9 Maart**
- Wapad-skaakkampioenskappe 18h30 Inskrywings sluit

**Dinsdag 10 Maart**
- OB-argiefkomitee — 11h30
- Vergadering Bestuurskomitee — 9h00

**Woensdag 11 Maart**
- Advieskomitee Biblioteek — 14h30
- Afrika-seminaar — 19h30

**Donderdag 12 Maart**
- Oorlegkomitee Swart werkers — 14h00
- Beheerraad PU-Sportburo — 14h30
- Paint your wagon Truk-ouditorium — 20h00
- Wapad-skaakkompetisie — 18h30

**Vrydag 13 Maart**
- Intreerede prof L.W. du Plessis
- Gereformeerde Susterskongres — Wes-Tvl.
- Modeparade — 17h00 — Amfiteater

**Saterdag 14 Maart**
- Gereformeerde Susterskongres

## Binne

- Kunsstudente kry Boonzaierbeurse — p2
- Angelliera 'n groot sukses — p2
- Die Wapad se skaakkampioenskap — eerste uitslae — p3
- Fietsloodse word skoongemaak — p3
- Koshuisadmin. antwoord op karnavalklagtes — p4
- Verhoogde pryse in kafeteria — p4
- Polstu gesels oor Algemene Verkiesing — p5
- Jan-Louis du Plooy, SSR-voorsitter, kry vanjaar die Raadsmedalje — p5
- Die Wapad het briewe ontvang wat wissel van 'n betoog teen die huidige oriënteringstelsel tot 'n gelukwensing van die prim van Caput aan die karnavalwenners — p6
- Radio Puk wil sy dienste uitbrei na eetsale — p7
- Puk se eerste rugbywedstryd hierdie jaar is teen Ammosol — p7
- Atletiekintervarsity gewen deur Kovsies — p8

## Nuuswenke

**Algemene Nuus:** Petro Malan, Wag-'n-Bietjie, Tel 4278.
**Koshuis/Sosiaal:** Zelda Nel, Wag-'n-Bietjie, Tel 4278.
**Interuniversitêr:** Marietjie Potgieter, Kasteel, Tel 5316.
**Sport:** Griet Gräbe, **Kuns:** Johan Myburg, Tel 6668.

**Saktyd**
Maandag 13h00

# Oriëntering kry steeds kritiek

**— Petro Malan —**

**ORIëNTERING moet liewers vóór of net ná die aankoms van die seniors afgesluit word. Prof Rassie Smit, waarnemende voorsitter van die oriënteringskomitee het in 'n onderhoud met DIE WAPAD sy mening omtrent oriëntering in 1981 gelug.**

Hy het gesê daar was nog nooit soveel klagtes tydens oriëntering nie ten spyte van die goeie kontrole deur die SSR en Hk's. Daar is 'n gebrek aan verantwoordelikheid by 'n klein groepie seniors om te oriënteer.

Die SSR en Hk's moet bedank word vir hulle positiewe samewerking tydens oriëntering.

Prof Rassie het gesê oriënteringsaksies moet werklik kontroleerbare situasies wees en 'n positiewe doel tot gevolg hê. Aksies soos die uitgooi van die SSR en Hk's moet heroorweeg word, omdat dit nie altyd kontroleerbaar is nie.


Sommige tradisionele praktyke het fisiese en gesindheidsgevare tot gevolg. Hier word gedink aan die afskaffing van geestelike en liggaamlike afbreking onder die dekmantel van tradisie.

Hy het opgemerk dat wanpraktyke soos fisiese oefeninge buite die vasgestelde tye, eerstejaars wat beserings opdoen, probleme met die seniors tydens die aand van ontheffing, geestelike uitputting en senuweespanning, vermorsing van kos op tarentaaldag, steurings wat veroorsaak dat eerstejaars nie op die vasgestelde tye kan gaan slaap nie en seniors wat onder die invloed van drank was, sake is wat ernstige aandag geniet.

Probleme soos vernederende praktyke, ouers wat eerstejaars nie mag bel nie, eerstejaars word gesien as pretmaak en vermaak en daar word nie by die amptelike tye gehou nie, het tydens die oriëntering dié jaar na vore gekom.

Hy het gesê oriëntering benadeel die akademie van die eerstejaars. 'n Oriënteringsweek waarin die eerstejaars geleer word waarom dit in 'n akademiese inrigting gaan, moet gereël word.

Die Hk's speel 'n belangrike rol by oriëntering. Probleme het dié jaar begin met die aankoms van die seniors. Die Hk's is besig met 'n opbouproses terwyl die seniors dit afbreek.




*Elmarie Conradie en Francois van Heerden, albei derdejaarstudente, besig om die Amajubaseël in die duikweg te stempel.*

# Prof kap oriëntering

**WAG-'n-BIETJIE se Doredrag kos min of meer R2 375 vir twee weke. Daarna word die klere nooit weer gedra nie, omdat daar 'n stigma aan kleef. Dit beteken dat minstens èen behoeftige student 'n beurs kon gekry het vir dieselfde geld. Dit is slegs 'n steekproef, maar na beraming sou die Puk-dames se Doredrag minstens R20 000 gekos het.**

Prof J J Henning, 'n voogdosent, van Departement Ontwikkelingsadministrasie is van mening dat ouers eerder 'n bydrae moet maak wat in 'n Trustfonds gestort kan word vir behoeftige studente. Daar kan selfs aan gedink word om boeke te subsidieer.

Prof Henning het oor oriëntering in die algemeen gesê eerstejaars verloor hul selfvertroue en menswaardigheid. Dit veroorsaak dat hulle minstens twee jaar passief in klasse reageer. Hulle kan nie vir hulself dink nie en is onvolwasse. Eerstejaars kla ook oor die onvolwasse optrede van seniors. Volgens hom behoort oriëntering die eerstejaar met al die bedrywighede op die Puk bekend te stel. Hy bestempel ons oriëntering as middeleeus en sê dit bereik glad nie die verwagte doel nie.

Veral vir mans wat die grootste gedeelte van hul twee jaar in die Weermag aan die grens deurbring, is dit geweldig vernederend om voor kinderagtige seniors, wat soms nog jonger is as hulle, te kruip.

Daar word elke jaar fisiese skade berokken. Die geestelike sy word egter vergeet, bloot omdat gekrenktheid homself eers later manifesteer. Dit kweek mense wat passief teenoor gesag staan.

Pleks dat daar voortgebou word op ouers en skole se werk, word alles afgebreek en op 'n wankelende fondament gebou.

Prof Henning meen dat oriëntering moet bly, maar 'n ander vorm moet aanneem. Dit sal ook nóg 'n geleentheid vir drankmisbruik fnuik.



*Ken jou Universiteit! Só het die eerstejaarstudente gesweet tydens verlede Donderdag se broseksamen.*

Klanktoerusting teen weggeepryse!

POTCH SPEED DEN

Winkel 26
Indiërsentrum
Tel. 4713 (na-ure 94626)

*Daaglikse klankkarnaval vir studente*

# Fietsloodse word skoongemaak

**FIETSLOODSE en kelders by die koshuise en op die kampus word skoongemaak. "Baaslose" fietse word by die sekuriteitsafdeling in veilige bewaring gehou.**

Vir die eerste keer in vyf jaar is waarskuwingskaarte aan fietse op die kampus geheg. Hierdie kaarte word slegs aan fietse geheg wat die deurgange en ingange vir studente en dosente blokkeer.

Die Sekuriteitsafdeling maak fietsloodse en kelders by die koshuise skoon. Studente word versoek om op 'n sekere tyd hul fietse uit die kelders of fietsloodse te verwyder. Indien sodanige versoek geïgnoreer word, word sulke mense se fietse saam met die "baaslose" fietse na die sekuriteitsafdeling geneem.

"Baaslose" fietse word vir ses maande by die sekuriteitsafdeling gehou sodat dit deur hul eienaars opgeëis kan word. Onopgeëisde fietse word daarna na die SAP geneem, waar dit vir drie maande bly sodat eienaars dit daar kan afhaal. Fietse wat dan nog nie opgeëis is nie, word na drie maande weer na die sekuriteitsafdeling van die Puk geneem waar dit vir 'n verdere twee maande bly.

Na die tydperk word dit dan op 'n openbare veiling verkoop. Kennisgewings van so 'n veiling word op die kampus aangebring en studente en dosente kry voorkeur. Op die oomblik is daar omtrent 60 onopgeëisde fietse by die sekuriteitsafdeling. Die skoonmaakproses gaan egter nog voort.

Om so 'n fiets op te eis, moet die eienaar 'n identifiserende beskrywing van die fiets gee.



● *Sekuriteit dien deesdae as weeshuis vir fietse en is terselfdertyd ongetwyfeld in die besit van 'n fortuin. As jóú fiets die koerant gehaal het is dit dalk tyd dat jy hom gaan opeis, of hoe?*



*Deelnemers druk besig by Die Wapad - skaakkompetisie.*

# Wapad — Skaakkampioenskappe: Eerste uitslae

**MAANDAGAAND, 2 Maart was die derde aand wat uitdunne vir Die Wapad-skaakkampioenskappe plaasgevind het.**

Met saktyd van Die Wapad was die volgende uitslae beskikbaar: G Swanepoel (Amajuba) wen P Welmans (Makouvlei), F Botha (Villagers) wen P Liebenberg, F van den Berg wen J Maree (Villagers), K Jonkheid (Overs) wen P van Rensburg (Makouvlei), H van Wyk wen P Burger (Hombré).

Sekere spelers het ook al die tweede ronde afgehandel. Dit is egter moeilik om met die tweede ronde voort te gaan aangesien baie persone nog nie die eerste ronde afgehandel het nie. Die laaste datum om in te skryf en die eerste ronde af te handel, is Maandag 9 Maart.

Die volgende rondes sal nog steeds op Maandae en Donderdae om 18h30 plaasvind. Die kompetisie vind by die maksi-stel by die studentesentrum plaas. Indien spelers nie op die vasgestelde dae kan speel nie, kan alternatiewe spelle gereël word.

Alle belangstellendes is welkom om 'n spel op die maksi-stel te speel en die skaakspelers te kom dophou.

Inskrywingsvorms vir die kampioenskappe is beskikbaar by Sarel van der Westhuizen in Caput of by die Wapadkantoor.

Dit sal waardeer word as die skaakbanier wat op Maandag 23 Februarie teen die amfiteater se relings opgehang is en deur iemand verwyder is, weer by die Wapadkantoor terugbesorg kan word.

Alle skaakspelers en belangstellendes word uitgenooi na die bekendstellingsaksie van die PU-skaakklub op Donderdag, 12 Maart om 18h30 by die maksi-stel in die Studentesentrum.

# Gradeplegtigheid

**TWEE Ministers en 'n regsgeleerde is onder die sprekers by vanjaar se gradeplegtighede van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.**

Die Minister van Verdediging, genl Magnus Malan, is vanjaar die spreker by die Hoofgradeplegtigheid wat op Vrydag 1 Mei gehou word. Net doktorsgrade en ere-doktorsgrade word op dié gradeplegtigheid toegeken.

Vanjaar word twee ere-doktorsgrade deur die PU vir CHO toegeken: aan die vorige rektor, prof Hennie Bingle, en aan die geskiedkundige en voormalige hoogleraar aan die Universiteit, prof D W Kruger.

Dr Dawie de Villiers, die Minister van Nywerheidswese, Handel en Toerisme, is die tweede Kabinetslid. Hy praat Woensdagmiddag 1 April op die gradeplegtigheid van die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe.

Dieselfde aand praat die regsgeleerde, prof Willie Joubert, by die gradeplegtigheid van die Fakulteit Regte.

Die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte het twee gradeplegtighede, Maandagmiddag en -aand 30 Maart. Die middag wanneer die BA-grade toegeken word, lewer prof Hennie Coetzee, die rede. Die aand is prof Fritz Potgieter, lid van die Presidentsraad en professor in Stads- en Streekbeplanning aan die Universiteit, die spreker.

Mnr F J H le Riche, adjunk-voorsitter van Sentrachem, lewer die rede by die gradeplegtigheid van die Fakulteit Natuurwetenskappe op Dinsdagaand 31 Maart.

Die Dekaan van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit, prof Jan van der Walt, is die spreker by die gradeplegtigheid van die fakulteite Teologie en Opvoedkunde op Donderdagaand 2 April.

Al die gradeplegtighede word in die ouditorium van die Hennie Bingle-Studentesentrum gehou om 19h30.

# Puk lek na reën

**MET die stortreëns op Sondag 22 Februarie, is verskeie geboue beskadig deurdat dit ingereën het. Ongeveer 100 mm reën het op die kampus geval.**

In die Studentesentrum is verskeie lekplekke opgemerk. Die probleem sal deur die bouer opgelos word. In die plantkundegebou het die bakgeut oorgeloop en in koshuise het dit ingereën as gevolg van konstruksieprobleme. Hoewel dit 'n groot projek is, word daar reeds aandag aan geskenk.

Die meeste skade is aan ouer geboue aangerig, maar herstelwerk het al begin.

# SGD — beursfonds

**'n NUWE projek van die SGD, is 'n beursfonds vir nie-blanke studente. Daar word veral op studente in Wes-Transvaal gekonsentreer.**

Hierdie projek is nog in sy beginstadium, hoewel daar al twee studente gehelp is nl. 'n hoërskoolleerling wat hierdie jaar in standerd sewe is en ook 'n kos-student wat aan die universiteit van Fort Hare studeer. Hierdie studente is nog met surplus karnavalfonds gehelp. Die vernaamste bron van fondse is gelde ingesamel deur personeellede en studente.

### Vereistes

Die student hoef aan geen besondere vereistes te voldoen nie. Daar word net verwag dat die student sy/haar jaar sal slaag. Die aansoeke word na gelang van behoefte gekeur, deur 'n beursfondskomitee, bestaande uit dosente en studente, waarvan laasgenoemde die meerderheid is.

In die verlede is die beursfonds nie geadverteer nie, omdat die fonds nog nie sterk genoeg was nie. Daar bestaan egter 'n geweldige behoefte aan so 'n beursfonds en hierdie jaar word daar ernstige aandag aan gegee.

Bibbel Babbel

# Puk besit unieke OB-versameling

**DIE feesvierings by Amajuba 'n week gelede het die aandag weer opnuut gevestig op die Ossewabrandwagversameling, wat deur die Universiteit in stand gehou word. Die plaas Amajuba North is deel van die versameling, waarvan 'n groot gedeelte deur die Grootraad van die OB aan die Puk toevertrou is.**

### Duisende dokumente

In die Ferdinand Postma biblioteek word duisende dokumente van belang, in verband met die OB, bewaar.

Dié versameling word nog deurentyd uigebrei met skenkings van individue. Benewens die historiese waarde wat dit het om die versameling te bewaar, vorm dit ook die basis van verskeie navorsingsprojekte oor die OB, wat met steun van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing onder leiding van die Departement Geskiedenis uitgevoer word.

Onder die talle interessante items in die versameling, is 'n hele aantal uniforms en vaandels, asook aanstellingssertifikate en ander dokumente, uit die beginjare van die OB. 'n Ander artikel wat uniek is, is 'n selfgeboude radiosender wat vir oorsese uitsendings gebruik is.

### Interneringskamp

Meer interessant nog egter, is die wye verskeidenheid items wat herinner aan die tyd wat baie OB-lede, gedurende die oorlogsjare, in die interneringskamp op Koffiefontein deurgebring het. Naas houtwerk is daar ook die draaibank, waarop die meeste daarvan vervaardig is.

Verskeie naamlyste met handtekeninge bring bekende name, waaronder die van mnr John Vorster, weer in herinnering. Seker die beste voorbeelde van die geïnterneerdes se ongebroke gees is die sertifikate wat uitgereik is deur die interneringskamp se "universiteit", onder rektorskap van die bekende prof H G Stoker.

Die Puk besit ongetwyfeld een van die kosbaarste oorblyfsels uit 'n bewoë tydperk in die Afrikaner se geskiedenis.


## Freda's Discount Centre

**Ons spesialiseer in hoëtroutoerusting**

- Pioneer
- Teac
- Sanyo

Ook yskaste, TV's, wasmasjiene, tuimeldroërs, waaiers, verwarmers, kombuistoestelle.

**Winkel 45, Indiërsentrum, Potchefstroom, Tel: 7340.**

die WAPAD

## Oriëntering — 'n nuwe benadering

Prof Rassie Smit, Registrateur en waarnemende voorsitter van die Universiteit se oriënteringskomitee, het vandeesweek die sluier effens gelig oor die rigting waarin daar beweeg word met oriëntering. Wat vir die meeste studente seker die belangrikste is, is dat oriëntering waarskynlik afgesluit sal word voor of met die aankoms van die seniors.

Dit is dus 'n voldonge feit dat ons op die drumpel staan van 'n groot — maar nodige — verandering met betrekking tot die verwelkoming van nuwelinge in ons gemeenskap.

Daar sal weggedoen moet word met die naam "oriëntering" vanweë die stigma wat daaraan kleef — veral ná vanjaar se eskapades. Maar ook alles wat getipeer kan word as deel van die huidige stelsel sal moet weg. Dit sluit onder andere in die kunsmatige senior-HK-wrywing, die verwydering tussen nuwelinge en seniors, die dra van onderskeidende en vernederende kleredrag, die uitgooi van die SSR en HK's, emosionele druk op nuwelinge, gedwonge LO vir nuwelinge soggens, ens.

Die nuwelinge sal egter steeds verwelkom moet word — maar op 'n informele, alledaagse manier: op die basis van saam ontspan en saam werk. Voorbeelde hiervan is gesellige aksies (sonder dat die nuwelinge en seniors van mekaar geskei word), gemeenskapsdienste deur almal in die koshuis en gesamentlike projekte. (Teen hierdie tyd sal daar onder leiding van die HK's in die eerste week reeds 'n groepsgees onder die nuwelinge bestaan).

Die owerheid, studenteleiers en studente moet hulle nou al instel op die komende veranderings. Net 'n positiewe, nuwe benadering van die inskakelingsprobleem kan sukses waarborg.

Daarom is dit noodsaaklik dat:

- Die owerheid en studenteleiers alle besluite onmiddellik onder die aandag van studente moet bring.
- die studente (byvoorbeeld in studenteparlement) moet besin oor die nuwe bedeling en hoe dit volgende jaar toegepas gaan word.
- die veranderings onder die aandag van die publiek gebring word.

Die belangrikste is egter dat elke student moet besef dat dit ook van hom gaan afhang of die nuwe bedeling suksesvol gaan wees — en of die Universiteit se naam herstel gaan word na die enigsins rampspoedige "oriëntering" van vanjaar.

**HOOFREDAKTEUR**: Izak Minnaar, Oude Molen no. 108, Molenstraat. Tel. 2-1576. **NUUSREDAKTEUR**: Hansie Vermeulen, Makouvlei. Tel 2-2229. **ADMINISTRATIEWE BESTUURDER**: Johan Myburg. Tel. 25481.
**Boodskappe** kan in bussie 13 by die Inligtingsburo in die Studentesentrum gepos word of gedurende kantoorure aan die Administratiewe Bestuurder, Kantoor G6 in die Studentesentrum, afgedra word.
**Tye: Maan 10h30 — 12h00 en 13h30 — 18h00
Dins tot Don 13h30 — 16h30**

**Jakobus 3 : 1 — 12**

**Teks, Jakobus 3 : 1 "Uit dieselfde mond kom seën en vervloeking. Dit, my broeders, behoort nie so te wees nie."**

Is u tong 'n wins of verlies?
— 'n Wins omdat u dit tot eer van God gebruik of
— 'n verlies omdat u dit in diens van die Satan stel, of
— is dit dalk albei?

**Die tong is 'n klein deeltjie van die liggaam met 'n belangrike funksie.**

Jakobus teken vir ons twee voorbeelde van klein voorwerpies wat gebruik word om iets, wat baie groter as hulle self is, te beheer:
— 'n stang in 'n perd se bek
— die roer van 'n skip.

Die tong is ook so 'n klein voorwerpie: dit beroem hom op groot dinge:
— dit stuur die liggaam van die mens in diens van God. Maar, dit kan ook soos 'n klein vuurtjie wees wat in 'n verwoestende vuur ontaard:
— aangesteek uit die hel
— 'n instrument tot vervloeking

Dit besmet die hele liggaam: soos 'n aansteeklike siekte. Dit steek die hele lewensloop van die mens aan die brand — almal met wie jy te doen kry:
— die perd word gestuur in die rigting van die hel.
— die skip loop op die rotse.
— die tong is soos die gif van 'n adder: die draer van die dood.
— u dood en van die ander om u.


**U moet u tong tot eer van God gebruik.**

Albei hierdie eienskappe kan tog nie in 'n ware gelowige se tong voorkom nie
— uit dieselfde fontein kom tog nie soet en bitter water nie
— 'n vyeboom dra nie vye en olywe nie.

Dit stry mos teen alle beginsels van die natuur: net so stry dit teen alle beginsels van die Christelike godsdiens dat uit dieselfde mond seën en vervloeking kom.

In die dood en opstanding van Jesus Christus het u 'n nuwe mens geword:
— met 'n nuwe tong
— 'n tong wat u met behulp van die Heilige Gees kan beheer
— tot u wins
— doen dit elke oomblik.

**Hennie Coetzee**




● *Deur gesprekke met lede van die Universiteitsowerheid kry mens die indruk dat 1981 die laaste jaar was vir oriëntering in sy huidige vorm.*

# Koshuisadmin. snoei kostes

**— Marinda Fourie —**

**"DIS histeries om te dink dat 'n student genoeg te ete moet kry vir slegs 50c", is mnr D Coetzee (van Koshuisadministrasie) se antwoord op die aanklag dat kos gedurende Karnaval onvoldoende was.**

Elke saak het egter twee kante en Koshuisadministrasie se kant (op die oomblik taamlik duister) sien só daar uit: Elke jaar word 'n totale begroting opgestel wat alle onkostes insluit. 43% van die begroting word gespandeer aan voedsel. Kortliks kom dit daarop neer dat ons R1,51 per dag vir die volle maaltye betaal — 50c 'n ete.

Dit is die bedrag — swart op wit — wat Koshuisadministrasie van ons ontvang. Indien jy logies kan redeneer, sal jy ook kan sien dat dit nie betaal om meer uit te gee as wat jy kry nie — dit sal lei tot 'n fenomenale verlies en chaos!

Op die oomblik veg Administrasie teen 'n negatiewe beeld wat min daartoe bydra om hul werk te verbeter. Dit is egter duidelik dat die negativisme voortspruit uit onkunde en onjuiste inligting, want gesels jy met iemand wat al die feite ken

EN dit kan staaf met syfertjies en tabelle, weet jy instinktief: díe mense is hier om die studente te help en om kostes so laag as menslik moontlik te hou. Gedurig is hulle besig met allerlei projekte, veranderings en verbeterings.

By die aanhoor van die woord "ete-kontrole", word menige student by voorbaat lam in die ledemate, want dit beteken net een ding: toustaan en 'n ongeduldige heen-en-weer trappery vir kos.

Vandat dié stelsel egter in gebruik gekom het, is daar in een enkele jaar — 1980 — R20 000 gespaar. Dit klink ongelooflik, maar dis waar, want die talle "gaste" kon nou nie meer so lekker soos voorheen op u en my onkoste saameet nie!

Koshuisadministrasie is tans besig om 'n nuwe stelsel — wat alreeds in Sentrale Eetsaal van krag is — ook na ander koshuise deur te voer.

Menige rooi en deurgeskuurde hande is seker in stille dankbaarheid saamgeslaan toe wasmasjiene onlangs in koshuise aangebring is. Tog het 'n gebrom hier en daar opgeklink oor die 35c wat nou "uit eie sak" betaal moet word. In werklikheid is veel méér as net 35c vir 'n bondel wasgoed nog al die jare betaal.

'n Sekere bedrag was naamlik by die student se begroting ingesluit, maar omdat net sowat 30% van die wasgoeddiens in koshuise gebruik gemaak het (die ander 70% het dus betaal vir iets waarvoor hulle niks in ruil gekry het nie) is die wasmasjiene ingebring en hulle sing nou vir ons 'n heel ander (skoner) deuntjie ...

Bogenoemde is maar net enkele grepe uit dít wat Koshuisadministrasie daagliks besig is om te doen. Díe saak het beslis twee kante!

# Kafeteria se pryse styg

**DIE pryse van die kafeteria by die Studentesentrum het gestyg.**

Hoewel die meeste pryse gestyg het, is sommige kossoorte soos byvoorbeeld geroosterde kaastoebroodjies goedkoper as verlede jaar. Die Studentesentrum val basies in dieselfde prysklas as sake-ondernemings op Potchefstroom, maar is beslis goedkoper as aan die Rand.

Volgens mnr Jack Momberg is hamburgers die student se stapelvoedsel. Hamburgers verteenwoordig vyftig persent van die kafeteria se verkope en kan daarom goedkoper aangebied word. Dit is dan ook die rede vir die geringe styging van twee-en-sestig na vyf-en-sestig sent, teenoor ander kosse wat 'n veel groter styging toon.

Dit is egter nie net die Puk wat deurloop nie. By die Kovsies se 'kaf' word 'n styging van vyftien persent verwag. RAU se pryse is dieselfde as ons Studentesentrum s'n.

Mnr Momberg het gesê dat die styging onvermydelik was en het verder verduidelik dat hy nie die geld in sy sak steek soos wat sommige studente blykbaar dink nie. Volgens mnr Momberg word die Studentesentrum die hele jaar deur bedryf, terwyl hier net agt maande lank studente is. Ook beskou die staat die kafeteria as 'n luukse vir die student en subsidieer daarom nie die Studentesentrum nie. Dit veroorsaak dan die hoë, meedingbare pryse.

Prysstygings by die restaurante in die Studentesentrum word ook in die nabye toekoms verwag. Die Studentesentrum sal binne twee maande sy eie dranklisensie hê. Boonop werk mnr Momberg ook aan 'n idee om verskillende kaassoorte vir kaas-en-wyn, vissoorte vir vegetariërs en worssoorte vir bierfeeste op die spyskaart by te voeg.




## Gastro-enteritis: Goeie raad vir mae wat pla

EET niks, maar omdat daar 'n elektroliet en suiker versteuring plaasvind kan koeldrank wat suiker bevat, gedrink word. Drink dadelik 'n Loperamide preparaat. Indien vomering lastig is, moet hierdie eerste dosis in die mond gesuig word tot dit opgelos is. In hierdie geval word dit dus nie met water gedrink nie. Na die eerste dosis word die tablette na elke stoelgang gedrink. Die enigste effek van hierdie tablette is om die maag te "stop" en dit help ook vir braking.

Drink dadelik 'n kodeïen bevattende preparaat indien daar geen vomering is nie of ½ — 1 uur na die eerste dosis van die Loperamide preparaat wat gesuig word, indien daar wel braking was. Die kodeïen is koorswerend, pynstillend en dit stop die diarree. Hierdie preparaat moet na goeddunke na die eerste dosis gebruik word, dog nie meer as 2 pille 6 uurliks nie, en dan net vir 2 dae in so 'n hoë dosis.

Geen vaste voedsel moet vir die eerste dag ingeneem word nie. Slegs gas en suiker bevattende koeldrank indien vog of suiker (vir energie) nodig word. Indien die maag na een dag grotendeels of heeltemal gestop het, kan met die gewone dieet voortgegaan word.

# Vergadering afgestel ná swak reëlings

**'n VERGADERING van Kontakpolitiek wat plaas sou vind op 25 Februarie, is deur die rektor, prof Tjaart van der Walt, verbied. Die sprekers wat by die vergadering sou optree was mnr Mark Swilling en mnr Mpho Masinini, twee lede van Suca. Die registrateur, prof Rassie Smit, sê daar is tot die stap oorgegaan omdat daar swak organisasie was met die nooi van die gassprekers.**

Die ooreenkoms tussen die registrateur, die SSR en Kontakpolitiek was dat sodra die SSR toestemming gegee het vir die nooi van 'n spreker, Kontakpolitiek voort sal gaan met sy reëlings, terwyl die SSR die registrateur in kennis sal stel. Toestemming moet ten minste 'n week voor die tyd by die registrateur verkry word. Die SSR het reeds op 9 Februarie toestemming gegee vir die nooi van sprekers. Hulle het egter versuim om die registrateur betyds in kennis te stel. Die registrateur het eers op 23 Februarie, twee dae voor die beoogde vergadering, verneem van dié aksie en dit na die rektor verwys. Die rektor het die vergadering dadelik verbied.

# Studente hoor van moderne Engelse drama

**DIE English Association se eerste amptelike vergadering het verlede Donderdagaand in die klein sitkamer van die Studentesentrum plaasgevind.**

Tydens dié geleentheid het mnr Allan Munroe, 'n Engelse onderwyser van Potchefstroom Boys' High School, 'n interessante oorsig gelewer oor moderne drama; 'n onderwerp wat dan ook aansluiting vind by die Engelse drama-leerplan.

Meer as een student het sekerlik daar uitgestap met 'n ywerige begeerte om veral werke van Tom Stoppard beter te leer ken.

Ná dié tyd is verversings bedien. Dit was 'n gesellige byeenkoms en na verwagting sal die standaard van aangename intellektuele en sosiale verkeer deur die jaar gehandhaaf word. Daar word gehoop dat toekomstige vergaderings toenemende bywoning sal geniet.

# Kultuurraad: nuwe voorsitter

**MNR HANNES Vorster, 'n derdejaar-student in BA(Bedryfs-en-Personeelsielkunde), is die nuwe Kultuurraadsvoorsitter vir 1981.**

Op 27 Januarie 1981 het hy die pligte as voorsitter op sy skouers geneem. Verlede jaar (1980) was hy penningmeester van die kultuurraad.

Hannes beskou die Kultuurraads-voorsitterskap as 'n geleentheid om as verteenwoordiger van die massa, kultuursake na regte te lei en te bevorder. Die Afrikanerkultuur kan beskou word as die basis van Afrikaner-wees. Elke Afrikaner kan met objektiwiteit na die verlede en hede kyk, en met trots roem op sy etnisiteit.

'n Nuwe Kultuurraadsvoorsitter moes verkies word, omdat die vorige voorsitter, mnr K du Randt, weens persoonlike redes, bedank het.



● *Die nuwe kultuurraadsvoorsitter vir 1981 is mnr Hannes Vorster*

## Sendingtoer

Die teologiese studente beplan 'n sendingtoer na Wes-Transvaalse gemeenskappe in Aprilmaand. Meer besonderhede sal later bekend gemaak word.

# *Jan-Louis kry medalje*

**DIE Raadsmedalje vir verdienstelike werk is aan Jan-Louis du Plooy, SSR-Voorsitter, toegeken. Die medalje word deur die Raad van die Universiteit, op aanbeveling van die SSR, toegeken.**

Volgens mnr Andries van de Venter lewer Jan-Louis 'n besondere positiewe bydrae tot die uitbouing van die studentelewe op die Puk. Hy het op verskeie gebiede (insluitende akademies!) in sy studietydperk presteer.

Die formele oorhandiging van die medalje sal later vanjaar plaasvind.



● *Die Raadsmedalje is aan Jan-Louis du Plooy toegeken.*

# Koerante word vergelyk

DIT is interessant om te let op die finansies wat ander universiteite se studentekoerante moontlik maak.

Ons kyk na 'n paar interessante feite in vergelyking met DIE WAPAD.

| | Die Wapad | Irawa | Die Heraut | Die Perdeby |
|---|---|---|---|---|
| Uit SR-begroting | R12 000 | R4 000 | R6 000 | R21 000 |
| Uit advertensies | R5 000 | R7 000 | R2 400 | R22 000 |
| Studente | R6 000 | R8 000 | R6 000 | geen |
| **Totaal** | **R23 000** | **R19 000** | **R14 400** | **R43 000** |
| Oplaag | 3 500 | 3 500 | 2 500 | 10 000 |
| **Koste per oplaag** | **R660,00** | **R1 300,00** | **R1 100,00** | **R800,00** |



● *"Wow! Look at me now . . ." Villagersmanne is alte trots op hulle vuurwarm nuwe voorkoms.*

# Villagers se nuwe voorkoms blink

**— Zelda Nel —**

DIE rooigetooide manne wat so skielik op die toneel verskyn het tydens karnaval was nie 'n inval vanuit die ruimte nie. Nog minder was hulle 'n onderafdeling van die KGB of die geheime werkspan van Potchefstroom se gesondheidsinspekteur. Dit was maar net Villagers wat met hulle splinternuwe oorpakke kom spog het.

Alhoewel Villagers hulle die afgelope karnaval nie juis toegespits het op die insameling van punte nie, het hulle hulle merk gemaak. Hierdie vuurwarm uitrusting van hulle was nou waarlik aandagtrekkers. (. . . as 'n mens modehuistaal in só 'n geval mag gebruik).

Bert Sorgdrager hou nie daarvan dat baie ander koshuise dieselfde idee het nie. Kan 'n mens dit sien as oorspronklikheid aan hulle kant dat Villagers weer eens eerste met 'n puik idee vorendag gekom het? Dit is darem nie plagiaat wat gepleeg is nie en dis 'n erkende feit dat daar in die lewe diegene moet wees wat lei en ander wat volg.

Al die Villagersmanne is dit eens dat die nuwe toevoeging tot hulle klerekas baie gemaklik, prakties en selfs vleiend is. Dit verleen 'n arbeidsame gesig wat hulle sommer baie meer beholpe laat lyk.

# Fietse daagliks gesteel

DAAR word daagliks omtrent agt gevalle van fietse wat gesteel is, by die sekuriteitsafdeling aangemeld. Die probleem is egter dat heelwat van die gesteelde fietse deur medestudente 'geleen' word, maar nooit teruggegee word nie en heel dikwels in die pandjieswinkel beland.

Die gebruik is dat fietse wat na 24h00 op die kampus gevind word en nie gesluit word nie, deur die sekuriteitswagte na die sekuriteitsafdeling geneem word. Dit is dus duidelik dat die verwydering van sulke fietse in belang van die eienaar gedoen word. Daar word 'n beroep op alle fietseienaars gedoen om hulle fietse te alle tye te sluit.

# Kafeteriatye verander

**DIE kafeteria het tot dusver warm etes verkoop tot 21h00 en dan om 23h00 gesluit. Vanaf 4 Maart sal warm etes tot 22h00 verskaf word. Die kafeteria sluit dan ook om 22h00.**

# Binnekort beleid oor bewegings

**"DAAR is in hierdie stadium nog geen oorkoepelende beleid op die Puk wat politieke organisasies kan reguleer nie", het Corné Mulder gesê. 'n Beleid ten opsigte van politieke partye bestaan wél.**

Die AWB het verlede jaar aansoek gedoen om funksioneringsregte op die kampus en hul konstitusie aan die SSR voorgelê. Volgens Corné sal 'n oorkoepelende beleid oor politieke organisasies, soos die AWB en Polstu, in die nabye toekoms gefinaliseer word. Hy voorsien egter geen probleme oor die funksioneringsreg van dié organisasies nie, solank alles volgens die voorskrifte van die Universiteit aangebied word.

Tot tyd en wyl die beleid neergelê word, beskik die organisasies oor tydelike toestemming om op die kampus te funksioneer.

# Polstu kom bymekaar

**DIE blankes in SA moet tydens die Algemene Verkiesing ook die swartes se politieke aspirasies in ag neem. Dit bied 'n volledige perspektief op die nasionale belang van SA.**

Piet Fourie, nasionale voorsitter van Polstu, het tydens 'n vergadering met die oog op die Algemene Verkiesing, 'n paar riglyne neergelê.

Hy het gesê die apartheidsbeleid het veroorsaak dat die verskillende rassegroepe in SA nie begrip vir mekaar se standpunte het nie. Die blanke moet in belang van alle rassegroepe stem.

Die studente moet wyer lees, sodat hulle 'n breë perspektief oor die SA-politiek kan kry.

Konfrontasie-politiek word deur die kommunisme uitgebuit en moet vermy word. Dit ontstaan as gevolg van die blanke se meerderwaardige houding.

Daar moet samewerking tussen die onderskeie rassegroepe wees. Die blankes moet daarom nie vir 'n party stem wat die swartes gaan antagoniseer nie.

Partye probeer stemme deur beloftes wen. Piet sê elke party moet volgens sy handelinge en nie volgens beloftes nie, ge-evalueer word.

Geen party bied 'n volmaakte oplossing vir die probleme van SA nie. Piet het gesê elke student moet stem, maar wel vir die party wat optree in nasionale belang.

**TE KOOP**
Wit Ford Escort 1600 Sport. Perfekte toestand. 1980 model, 26 000 km.
**R4 900**
**AVB Uitgesluit**
**Skakel P. Jones 7744.**
Finansiering kan gereël word.

**TOPS**
**Uitsig-Deurloop**
**Tomstraat**
**Tel. 21112**
VIR . . .
- *Rekenaars: Casio en Sharp*
- *Wit Jasse*
- *Skoonheidsmiddels*
- *Toiletware*
- *Geskenke, Geskenke en nogmaals geskenke . . .*




**Bussie 13**
**Studenteraad**

**DIE lengte van briewe word beperk tot 'n maksimum van 400 woorde.**

# Over de Voor vorm eie kampus op Puk

**Meneer**

Over de Voor is seker die koshuis met die beste koshuisgees op die Puk. Tog is dit 'n gees wat baie probleme veroorsaak en heeltemal negatief inwerk op die studentelewe.

Tradisies wat 'n lang pad kom is vir die res van die studente in die meeste gevalle 'n ergernis en dit skep die meeste van die tyd probleme. 'n Goeie voorbeeld hier is die feit dat Overs se eerstejaars nie drake is nie, maar „MANNE". Die enigste persone wat gesag oor die "manne van Overs" het, is die koshuis-HK. Buite die koshuis luister die "manne" vir niks en niemand nie. Die saak het tydens oriëntering nie net vir die ander koshuise se HK's nie, maar ook vir die SR baie probleme veroorsaak. As daar byvoorbeeld gesê word dat die drake en dore moet blik in die as, sal die "manne" van Overs dit nie doen nie. So kan daar nog talle voorvalle opgenoem word.

'n Ander saak wat Over de Voor so byna in die stof laat byt het, het vir die soveelste keer na Karnaval weer sy kop uitgesteek. Nadat die wenners tydens Karnaval bekend gemaak is, het 'n hele klomp van Overs se inwoners met hulle motors om Hombré en Caput gery en al wat toeter is gedruk. Wat die vonk by die kruitvat gebring het, was die feit dat daar allerhande lelike dinge in Caput se gange geskreeu is deur sommige "Overdevoorders."

Vinniger as wat mens kan sê "mes", was die hele Caput en ook 'n groep inwoners van Hombré op die toneel gewapen met besems, rakette, krieketkolwe, waterbomme en klippe, om sake so bietjie deur te kyk. So byna-byna het daar 'n baie lelike ding gebeur wat beslis nie op Puk tuishoort nie. Navraag het getoon dat die Caputters gevoel het dat Overs hulle oorwinning in Caput se kele afdruk en dit het hulle omgekrap.

Over de Voor sal moet dink hoe hulle die toekoms gaan aanpak. Hulle sal mooi moet dink of hulle nie besig is om 'n kampus op 'n kampus te bou nie. Dit sal die PUkstudente nie duld nie. Ons is een huisgesin. Onthou Over de Voor is op die PUk en nie Puk op Over de Voor nie.

**J.J. van der Walt**

# Oriëntering het wetenskaplike fundering nodig

**Meneer**

Groot was my verbasing toe ek DINK WEER se brief oor oriëntering lees (Die Wapad 27 Februarie 1981); nie net omdat ek met hom/haar saamstem nie, maar ook omdat ekself 'n brief aan DIE WAPAD in my laai het wat nog gepos moet word, waarvan die inhoud feitlik identies aan dié van DINK WEER s'n is. Daarom kan ek nou slegs enkele aspekte van my opinie met instemming by dié van DINK WEER voeg.

In die eerste plek wil ek graag kommentaar lewer op die argument wat deesdae algemeen gehoor word; dat beserings soos dié van George Gibbens op enige plek kon gebeur het, ook op die rugbyveld of tydens karnaval (sien berig oor 'n soortgelyke besering tydens karnaval in DIE WAPAD 27 Februarie 1981). Dieselfde argument word ook aangevoer in briewe aan dagblaaie deur 'n student in UPE en 'n eerstejaar van RAU, albei gedurende die afgelope week. Hierdie argument is opsigtelik vals: deelname aan 'n rugbywedstryd of 'n karnavalaksie is altyd vrywillig, en dus op eie risiko, terwyl deelname aan oriënteringsaksies altyd onvrywillig geskied. Bloot wat die regsaspek daarvan betref, impliseer dit o.a. dat 'n rugbyspeler of karnavaldeelnemer in die algemeen die risiko vir die tipe beserings wat inherent aan die betrokke aksie verbonde is, aanvaar: terwyl sodanige aanvaarding van risiko deur die eerstejaar meesal uitgesluit word deur die feit dat hy nie vrywillig deelneem nie (selfs al neem hy deel onder emosionele druk). Hoewel daar dus in die algemeen gesê kan word dat niemand opsetlik aan die besering deel gehad het nie, is dit steeds waar dat die verantwoordelikheid vir die besering lê by diegene wat die aksie afgedwing het, hoe goed hulle bedoelings ookal was. Indien ons dus oriëntering in sy huidige vorm wil voortsit en afdwing, moet ons ook alle verantwoordelikheid aanvaar vir die inherente fisiese en psigiese gevare daarvan.

Dit bring my by die tweede saak: die waarde van oriëntering. Hoe op aarde is dit moontlik dat ons op 'n universiteit ('n inrigting vir wetenskap en navorsing) die losse, ongedefinieerde en onbewese bewerings van die oriëntering-voorstaanders kan aanvaar dat:

- oriëntering met sy vorme van fisiese en psigiese druk 'n "eenheidsgees" onder eerstejaars bevorder,
- hierdie beweerde eenheidsgees vir student en universiteit bevorderlik en nodig is,
- hierdie eenheidsgees inderdaad op sy beweerde voordelige wyse tot stand gebring word deur die bestaande oriënteringspraktyke,
- die beweerde voordele van hierdie praktyke gunstig opweeg teen die nadele wat onmiskenbaar bestaan,
- die bestaande praktyke, en selfs die teorie daaragter, versoenbaar is met die calvinistiese siening van die mens en die universiteit.

Waarom aanvaar ons bloot hierdie verregaande (en myns insiens onbewysbare en ongegronde) bewerings sonder om op wetenskaplik verantwoordelike wyse die situasie te ontleed en ware oriëntering op wetenskaplik gefundeerde gronde in te voer? Ek meen dit is tyd dat diegene wat met my hieroor saamstem, hulle stem laat hoor, sodat ons iets aan die saak kan doen. Kom ons stig 'n georganiseerde aksie teen die huidige praktyk van oriëntering, waardeur ons 'n werklik wetenskaplike ondersoek kan loods — dalk kan ons 'n bydrae maak om iets positiefs uit die huidige gemors te laat ontstaan. Stuur julle name en menings aan DIE WAPAD, dat ons kan sien of daar genoeg regdenkendes is.

**A.J. van der Walt**

# Vuil kafeteria doring in vlees

**Meneer,**

Leë blikke, vuil borde, papiertjies en aaklige vuil tafels is die gesig wat 'n mens begroet as jy die kafeteria binnestap.

Die kafeteria is juis veronderstel om 'n gesellige bymekaarkomplek te wees. Dan voel dit darem soos 'n vuishou tussen die oë as jy in so 'n chaos moet vasloop.

Beide die studente en die personeel van die kafeteria moet in 'n mate geblameer word. Dit is nogal 'n skande dat dit veronderstel is om opgevoede mense te wees wat van die kafeteria gebruik maak. Die swart personeel kan ook 'n bietjie meer entoesiasme aan die dag lê met die verwydering van leë blikkies en gebruikte borde. Die tafels behoort ook gereeld skoon gevee te word. Daar kan gepoog word om veral met spitstye soos van 10h00 tot na etenstyd hierdie diens te verskerp.

Dit is onaangenaam om kennis te neem van die vleispasteie met sous en rooi koeldrank wat die ander mens voor jou by dieselfde tafel verorber het.

Die gebrek aan asbakkies op elke tafel, is 'n verdere doring in die vlees. Daar is wel hier en daar groot staan-asbakkies en hier en daar 'n paar verdwaalde pierings. Dit is egter heeltemal ontoereikend.

Daar moet onthou word dat die omgewingsfaktore verantwoordelik is vir die gees onder 'n groep mense. Dit bepaal ook werksvermoë en verhoudings met ander mense. 'n Skoon, netjiese kafeteria wat 'n plesier is om te besoek, kan soveel bydra tot 'n beter gees onder die studente.

Daar moet nooit uit die oog verloor word dat dit nie net die studente is wat die kafeteria gebruik nie, maar ook die dosente en besoekers van buite. Daarom behoort daar 'n daadwerklike poging aangewend te word om die situasie te verbeter.

**Isabel Voordewind**

**(Brief verkort — Red)**

# Geluk aan Leeus

**Meneer**

**Caput en Wag-'n-Bietjie wil graag vir Over-de-Voor en Karlien gelukwens met die wen van die afgelope karnaval. Onthou net: die Kat en die Skilpad slaap nie.**

**Peet Venter**

# Karnaval het talle foute en gebreke

**Meneer,**

In sy geheel gesien was Karnaval '81 'n groot sukses, maar tog was daar 'n paar dingetjies wat gekrap het.

Daar was nie naastenby genoeg vullisdromme op die karnavalplaas nie. Dit was frustrerend om na 'n vullisdrom te soek en dan uiteindelik een te kry wat tot boordens toe vol is. Die gevolg was dat die velde besaai was met bierbottels, bakkies en papiere. Dit het 'n swak beeld geskep.

Die kleedkamers was in 'n onnet toestand en buiten dat die gebruikers daarvoor te blameer is, wonder mens of dit nie moontlik sal wees om personeel permanent daar aan te stel tydens Karnaval om na die netheid om te sien nie.

Die busdiens was nie baie geslaagd nie — dit sou miskien geslaagd gewees het as daar vooraf 'n uitgewerkte program aan die studente uitgedeel is. 'n Mens sou dan geweet het hoe laat daar 'n bus van die koshuise af vertrek.

Die opset van die biertuin was geslaagd. Daar is egter ruimte vir die uitbreiding daarvan. Een van die redes vir die geslaagdheid daarvan is omdat niemand sy bier kon uitneem nie. Dit is egter ongelooflik dat die organisasie so swak was dat die bekers reeds Vrydagaand nie genoeg was nie en dat daar vir langer as 'n uur op nuwe bekers gewag is. Die bekers was vroeg Saterdagaand reeds heeltemal klaar.

Karnaval het te gou op oriëntering gevolg en vir deeglike voorbereiding vir items soos skopfiets, waar 'n mate van tegniek vereis word, was daar nie tyd nie. Dit is ook jammer dat van die items, soos die Kaapna-Rio wedvaart, uitgeval het.

Die idee van 'n karnavalplaas was baie geslaagd en 'n mens hoop dat daar in die toekoms daarop voortgebou word.

**(Mej.) M S Fourie**

# Dankbaar vir koffie

**Meneer**

Ek wil net baie dankie sê aan die Studenteraad wat verlof gegee het vir die oprigting van die koffietent tydens karnavalnaweek. Daar is ongetwyfeld vele wat saam met my dankbaar is.

Behalwe dat dit 'n welkome rusplekkie was vir hulle wat deurnag gewerk het, was dit vir baie tot seën gewees. Persoonlik het ek daar veel geleer en het dit vir my baie beteken.

Klink dit vreemd as ek die geestelike by die karnaval wil inbring? Wel, vriende, dan is dit nodig dat ons besef dat my christenskap en my gewone lewe een-en-dieselfde is. As Christus my Heer is, hoe kan dit anders as om tot uiting te kom in my ganse lewe?

Dit is juis as ons in Hom is en Hy in ons dat ons vry is om dit wat Hy ons skenk, te geniet. Dan is ons vry en hoef ons nie onsself te bewys en deur sondebande gebind te word nie.

**H. Groenewald**

# Hope for new relaxed look

**Sir,**

The international saying that a student's uniform is a pair of (old) jeans and a T-shirt, is becoming true on the Puk. A more casual air is prevalent on the campus and the students in general look far more comfortable. This seems a far cry from the days when it was compulsory for men to wear jacket, collar and tie and the women stockings and closed shoes.

Although some female students insist that they feel comfortable in narrow fitting pencil skirts, tight fitting blouses and the highest possible heels, it seems hard to believe. The new tendency on the Puk is to wear a comfortable pair of baggy, elasticised-waist jeans with low casual slip-ons.

The elasticised waist jeans may not be used in reference to the men, although they seem to feel just as comfortable in their new jeans as well as in last year's pair, and the year before. The first year men students are sighing with relief as they hang their jackets back in their cupboards after their orientation period.

Soft coloured skirts and lovely Indian-print dresses also seem to be favoured. Slip-on wedge shoes as well as slip-ons with a slight heel are found to be ideal for class wear.

The new relaxed look may only be due to the swing of the fashions in general, however, there are some of us that hope it is here to stay!

**D.A. Leathern**



● *Die Propodeutiese vereniging van die Puk het Donderdag, 26 Februarie, hulle openingsbraai by die ou Teologiese skool gehou.*

# Musiek tydens etes

**OM musiek in die eetsale te verskaf is een van Radio Puk se groot doelstellings vir 1981. Hulle voel dat daar baie meer gedoen kan word om die doeltreffendheid van Radio Puk te verhoog.**

In 'n onderhoud wat Die Wapad met Lappies Labuschagne gevoer het, het hy gesê dat Radio Puk beoog om hulle uitsendings vanaf die studentesentrum deur te skakel na die verskillende eetsale op die kampus.

Radio Puk beoog ook om die skakeling met verenigings en Rade te verbeter en hulle wil alle instansies op die Puk uitnooi om van Radio Puk gebruik te maak as hulle 'n belangrike byeenkoms onder die aandag van die studente wil bring.

Daar is 29 lede wat nuut aangestel is wat sal verseker dat Radio Puk se uitsaaityd verleng gaan word omdat daar nou baie meer omroepers is as in die verlede. Radio Puk gaan die SAUK besoek en in samewerking met Danie Erasmus van die SAUK gaan daar opleiding aan hulle verskaf word wat hulle professionaliteit sal verhoog.

Op die oomblik is finansies 'n probleem by Radio Puk maar hulle is van plan om met behulp van borge 'n hele paar verbeterings in hulle ateljee aan te bring. Hulle beoog ook om 'n Radio Puk T-hempie te laat druk.

Volgens Lappies Labuschagne het Radio Puk 'n groot sukses gemaak van hulle uitsending tydens Karnaval en hy skryf dit toe aan die positiewe samewerking van die Radio Puk-bestuur.

# Natuurliefhebbers na Shlaralumie

**DIE PU-Natuurlewevereniging bied aan alle natuurliefhebbers die geleentheid om op 'n georganiseerde wyse uiting te gee aan hul liefde vir die natuur.**

Woensdagaand, 25 Februarie het ou en nuwe lede langs die Mooirivier by die Fanie du Toit-Sportterrein vergader.

Daar is onder andere met groot entoesiasme vertel hoe die vereniging verlede jaar in die Krugerwildtuin gehelp het met 'n wildebeesuitdunning.

Sekere van die projekte wat aangepak word, geskied in samewerking met die Departement Natuurbewaring. Studente ontvang ook soms vergoeding vir sodanige projekte. Die Departement Nasionale Opvoeding subsidieer van die projekte.

Die Vereniging vertoon ook 'n film oor die Puk in die dorpe wat hulle besoek en dra dus op die wyse die Puk se beeld na buite.

Die ledegeld beloop R4.

Die bestuur is: Ondervoorsitter, Sarel Cilliers; Sekretaresse, Ilse Bruwer; Penningmeester, Gideon Slabbert; Lid van die toere en aksies, Tommy Wakeford; Lid vir publikasies, Elizabeth Jordaan; Tweedejaarsverteenwoordiger, Detlef Knoll.

**Die Jaarprogram:**

- 11 Maart: Vergadering. Gasspreker: mnr Glenn Haagner. Hy is 'n wêreldkenner van voëls.
- 1 April: Daguitstappie na De Wildt-Jagluiperdteelplaas en Pretoria.
- 29 April: Mnr Ilk, 'n Elektroniese Ingenieur demonstreer die elektroniese nasporing van diere in die veld.
- 6 Mei: Dr I Stigling gesels oor Galapagoseilande.
- 21 Mei: Vergadering vir die Julie-toer.
- Julie-toer: Shlaralumie-wildreservaat
- 5 Augustus: Toerreunie en skyfievertoning.
- 19 Augustus: Bestuursverkiesing.

Daar word ook beplan om oor 'n langnaweek 'n kamp te hou. Die vereniging staan dus oop vir ALLE belangstellendes en nie net vir B.Sc-studente nie.

# Duitse vereniging kuier lekker

**Belangstellendes in die Duitse taal en kultuur kan deur middel van die Puk se Duitse Vereniging hierdie belangstelling stimuleer deur meer te hoor, te sien en ook aktief deel te hê aan die Duitse taal en kultuur.**

Dinsdagaand, 24 Februarie, het studente, dosente en lede van die Suid-Afrikaanse Duitse Kultuurvereniging mekaar se belangstelling gedeel toe daar na tradisionele Duitse musiek geluister is. Daar is ook gekyk na 'n filmvertoning oor Duitsland en sy mense. Vir die baie gesels — in Duits en Afrikaans — was daar heerlike koeldrank om die kele weer nat te maak.

Studente wat Duits neem het die geleentheid om op 'n informele wyse met hul dosente kennis te maak. Die vereniging beoog om 'n sangbundel met Duitse liedjies beskikbaar te stel sodat daar ook saam gesing kan word.

Die ledegeld beloop R3. Dit is betaalbaar by Anita Erasmus in Wag-'n-Bietjie.

Die bestuur is soos volg: Voorsitster: Anné Mosehuus, en Sekretaresse: Anita Erasmus.

Die vereniging sal voorlopig op die volgende datums vergader: 8 Maart, 23 April, Junie, 24 Augustus.

# Puk se eerste rugbyspanne begin rugbyseisoen

**SATERDAG 7 Maart, speel die Puk se eerste rugbyspan en die Ibbies hulle eerste wedstryd van die seisoen. Die wedstryd word teen Ammosol van die Mancor-myngroep op Postmasburg gespeel.**

Omtrent dertien van Ammosol se spelers speel vir Griekwaland-Wes en elf van die Puk se spelers het al Wes-Transvaal verteenwoordig. Twee van die spelers het Wes-Transvaalse ondertwintigspan gespeel en een speler, Sarel Loots, het vir Noord-Transvaal ondervyf-en-twintig gespeel.

André Markgraaff sukkel met 'n ligte besering wat hy tydens die proewe opgedoen het en sal nie speel nie. Daar is 'n goeie kans dat Markgraaff gekies sal word vir die Springbokspan wat later vanjaar na Nieu-Seeland toer. Baie word van die Pukspan verwag en hulle sal die Puk se naam moet hoog hou tydens die twee jaarlikse Intervarsities. Dié wedstryd is dus 'n goeie oefenlopie.

Die Puk se eerste span het 'n nuwe kaptein, Nic Nortje, wat André Markgraaff se plek volstaan. Nortje is 'n gereelde Puk- en Wes-Transvaalspeler.



● *Nic Nortje is aangewys as Puk-rugbykaptein in die wedstryd teen Ammosol.*

Die onderkaptein is Cobus van Wyk.

Belangrike wedstryde wat binnekort gaan plaasvind is onder andere op 14 Maart waar twee Pukspanne in 'n rugbydag op Louis Trichardt gaan speel. Die Taurus-vyftiental sal daar in aksie wees. Dit is 'n uitnodigingspan wat uit spelers van Drakenstein bestaan. Die Wes-Transvaalse proewe vind 11 en 14 Maart plaas. Die Ibbies sal 21 Maart in 'n hoofvoorwedstryd teen die Fezelas van Tukkies speel op Loftus Versveld. 'n Suid-Amerikaanse span sal in die hoofwedstryd teen Tukkies speel. Op 25 Maart sal die Puk self teen die Suid-Amerikaanse span, die Cordoba, op Oliënpark speel. Die koshuisliga begin op 28 Maart.

Die Pukspan teen Ammosol is:
Wessel van der Merwe, Louwtjie van der Walt, Zillen Roos, Herman Kleynhans, Cassie Basson, Cobus van Wyk (onderkaptein), George Moorcroft/ Tjoppie Petz, Nic Nortje (kaptein), Anton Fick, Quinton Campbell, Barend Kirsten, Eben Smit, Sarel Loots, Gert Smal en Piet Conchar.

Vir die Ibbies speel Willie van der Schyff, Nico Moodie, Andries van Dyk/ Fanie Coetzee, Ig de Jager, André Oelofsen, Jacques du Plessis, Johan Ungerer/ Frikkie Swart, Lindert Hanekom, Grappies Smith/ Johan Groenewald, August Puke/ Marius Viljoen, Jan Henning, Wikus Myburgh, Cassie Coetzee, Theuns Botha en Casper Troskie.

## Sportregistrasie

(vervolg van p 8

stel wat die saak sal ondersoek. Die komitee bestaan uit die sportraadvoorsitter, Danie Malan; voorsitter van die Sportbeheerraad, prof Claassen en twee ander lede van die beheerraad, prof Putter en prof van der Schyff.

Hulle taak sal wees om die huidige stelsel meer vaartbelyn te maak. Die onnodige paspoortfoto's en ander rompslomp moet uitgeskakel word. Daar moet ook behoorlike kontrole oor die stelsel uitgeoefen word. Met die huidige stelsel kan daar goeie kontrole oor die binnemuurse sportsoorte wees, maar daar bestaan egter min kontrole oor die buitemuurse sportsoorte.

Ons sportregistrasie is besig met ewolusie en volgende jaar sal daar moontlik 'n ander stelsel wees. Omdat ons Universiteit sy eie karakter het, kan daar nie van enige ander universiteit se stelsel gebruik gemaak word nie. Daar moet 'n stelsel ontwerp word wat by die Puk pas. Dit sal die taak van die komitee wees om so 'n stelsel te ontwerp. Die huidige stelsel moet verfyn en afgerond word, het prof Claassen gesê.

# Motorkursus vir dames

**'n Motoronderhoudskursus vir dames word na die herfsvakansie op die Puk beplan. Onderwerpe wat behandel sal word is onder andere hoe 'n motor werk, hoe 'n battery werk, wielomruiling ensovoorts. Dit sal ook gedemonstreer word op 'n proefmotor.**

Die kursus sal bestaan uit sowat tien lesse, wat saans tydens sleeptyd aangebied word. Daar sal waarskynlik geen onkostes aan verbonde wees nie. Alle dames is baie welkom.

Volgens Wim Vergeer, SSR-lid vir Studentediens en Weerbaarheid, word daar nog met die maatskappy wat die kursus gaan aanbied onderhandel. Dames word versoek om plakkate dop te hou vir verdere besonderhede.


## Tweedejaars

'n Aktueel-kamp vir tweedejaars word die naweek van 20 tot 22 Maart by Nebu aan die Vaalrivier gehou. Die skietlys vir die kamp open Dinsdag 10 Maart by die SS. Die kampprogramme sal daar uitgedeel word en die R5 kampgeld moet dan inbetaal word.

Sanet's
Health Shop
● Gesondheidsvoedsels
● Verslankingsmasjiene
● Natuurlike skoonheidsmiddels
● Dieetvoedsels
● Homeopatiese middels
Malherbestraat 42
Telefoon 5444

guys & dolls
vat dit kop toe!







Kom ons stel jou voor aan 'n nuwe dimensie in haargolwing: UNI-PERM met pH-balans! Dit lyk nes natuurlike krulle! Geen kroes-en-knoop bossiekop nie! Nog goeie nuus van Guys & Dolls is lae, lae pryse net vir studente! Wees 'n IN-ding! Bly voor met die jongste haarmodes! Altyd tot u vriendelike diens!
Die uwe,
GUYS & DOLLS, Tomstr. 82, tel. 8071.

